

# eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 2 NR. 2 Junie 2008

Die kwartaallike personeelblad vir die mense van die NWU

## Nuwe slagspreuk

### definieer ons unieke kenmerke

**Innovasie deur diversiteit** – die Noordwes-Universiteit (NWU) se nuwe slagspreuk sal binnekort wyd en syde bekendgestel word deur middel van bemerkings-, kommunikasie- en reklameveldtogte met die oog op die uitbou en verbetering van die Universiteit se nuwe handelsmerk.

Die nuwe slagspreuk – wat bely is met die Universiteit se handelsmerk- essensie en -posisionering – is geïnspireer deur 'n kompetisie-inskrywing van me Malebo Matlala, 'n tweedejaar-meestersgraadstudent van die Potchefstroomkampus.

Me Matlala het 'n R5 000-kontantprys opgeraap vir haar slagspreuk wat met die Universiteit se handelsmerkessensie en -posisionering resoneer.

Die slagspreuk is op 22 April 2008 deur die Institusionele Bestuur goedgekeur

ná 'n deeglike evalueringproses van die 231 kompetisie-inskrywings wat in November 2007 van personeel en studente ontvang is. Die inskrywings is op 'n kortlys geplaas en toe gesamentlik geëvalueer deur die Institusionele Komitee vir Korporatiewe Handelsmerk en Identiteit belas met toesighouding oor die ontplooiing van die Universiteit se handelsmerkstrategie, en die Johannesburgse handelsmerkkenner, mnr Gordon Cook.

Die slagspreuk is die laaste stap in die voltooiing van die Universiteit se handelsmerkstrategie, en sal die huidige slagspreuk "Getting it right, Ons doen dit reg, Re dira sentle" vervang. Hierdie oorkoepelende slagspreuk sal vir die Institusionele Kantoor sowel as vir die drie kampusse gebruik word ter bevordering van 'n verenigde institusionele handelsmerkposisionering. Volgens dr Theuns Eloff, Visekanselier, beskryf die Universiteit se handelsmerkessensie die Universiteit as 'n leidende en volhoubare onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit wat die voordele van diversiteit benut en innovasie nastreef om 'n betekenisvolle verskil in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld te maak.

Dr Eloff wys ook daarop dat die handelsmerkposisionering die NWU definieer as 'n diverse, innoverende en wêreldwyd erkende akademiese instelling wat multikulturaliteit, meertaligheid en 'n multinasionale karakter vier en bevorder. "Die nuwe slagspreuk is eenvoudig dog doeltreffend en sal help om 'n konsekwente en duidelike boodskap aan ons belanghebbendes uit te stuur en om wanopvattinge oor die Universiteit die hoof te bied. Die slagspreuk gee uiting aan die essensie van ons strategiese oogmerk en sê dat ons die voordele van diversiteit benut en dit vir ons personeel en studente moontlik maak om te wees wie hulle graag wil wees en om op hül beurt ons innoverende gees te verryk."


Die soeke na die NWU se handelsmerkessensie,



Die personeel van die Institusionele Kantoor (IK) is nou al deeglik ingeburger in die heringerigte C1-gebou. Blaai na bladsy 13 om meer te lees oor hierdie historiese mylpaal en om uit te vind wat die IK-personeel van hul nuwe kantore dink.

! Vervolg op bl 5

Lees hier!



# Boodskap van die Visekanselier



Dr Theuns Eloff

**S**edert die samesmelting het die NWU nog altyd die unieke verskeidenheid van die NWU-gemeenskap as 'n bate beskou, en nie 'n hindernis nie. Ek glo dat diversiteit tot sinergie bydra indien dit omsigtig bestuur word – met ander woorde dit laat toe dat die NWU meer is as die som van sy dele. Ek het deur die jare dikwels gesien hoe die kombinasie van die unieke talente, kundigheid en eienskappe van ons diverse gemeenskap tot vars, innoverende idees lei.

Ons nuwe slagspreuk, *Innovasie deur diversiteit*, beklemtoon hierdie beginsel en weerspieël die Universiteit se voorneme om die uiteenlopende kulture te koester en in te span in ons strewende na kennis en innovasie.

Diversiteit moet egter altyd saamgaan met 'n bewustheid van eenheid, verdraagsaamheid en respek. In 'n mediavystelling wat ná die Raadsvergadering in Maart vanjaar vrygestel is, het die Raad sy vasberadenheid uitgespreek om by die NWU se Menseregtekommissie en Institusionele Forum aan te sluit om 'n kultuur van diversiteit, interkulturele harmonie en samewerking regoor die Universiteit te bevorder.

Ons sal dit doen deur in die Institusionele Plan nog meer op menseregte te fokus, deur 'n toekomstige verpligte module oor menseregte, wat "Begryp die wêreld" genoem sal word, by die akademiese kurrikula van studente in te sluit, asook deur die daarstelling van 'n toegewyde hulp- of klagtelyn vir

die anonieme aanmelding van enige probleme of wanpraktyke.

In die lig van die skending van menseregte wat in die land en in die hoërondewyssektor ervaar is, sowel as die onlangse xenofobiese aanvalle op burgers van ander Afrika-lande, verwelkom die NWU die instelling, mandaat en besoek van die Ministeriële Komitee oor Transformasie, Sosiale Samehorigheid en die Uitskakeling van Diskriminasie in Openbare Hoërondewysinstellings. Die NWU sal alles in sy vermoë doen om die komitee by te staan in sy poging om diskriminasie te beveg en sosiale samehorigheid te bevorder.

Op die tydstip toe hierdie boodskap geskryf is, het die Mafikengkampus weer eens onder onnodige studente-onrus, geweld en vernietiging van eiendom deurgeloopt. Die vraag kan met reg gevra word: dink hierdie studente (ons skat die getal op minder as 50 uit die 7 000!) daaraan dat hulle inbreuk maak op die (mense-) reg van die meerderheid om lesings by te woon en eksamen te skryf? Terwyl hulle selfsugtig hul beperkte agenda (wat dit ookal mag wees) najaag, maak hulle dit onmoontlik vir studente wat hul klasgeld betaal het om te studeer ... Hul reg op protes (as daar iets is waarvoor hulle werklik kan kla) word beperk deur ander se reg om te leer ...

Gelukkig respekteer die meerderheid van die NWU-studente steeds ander mense se regte. Dit was duidelik by die menseregte-seminare wat onlangs op die Potchefstroom- en Mafikengkampus gehou is. Hierdie seminare het ook die Universiteit se verbintenis bevestig om 'n gees van verdraagsaamheid en respek te laat posvat. Kom ons staan saam in hierdie strewende. Laat ons mekaar se menseregte beskerm en ons doenwaardes, naamlik integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek, elke dag in ons werksomgewing demonstreer en so die Universiteit vorentoe neem.

**Theuns Eloff**  
**Visekanselier**

## Spesiale kenmerke onderskei NWU

**V**olgens syfers wat onlangs deur die Departement van Onderwys (DvO) bekendgemaak is, word die NWU as een van die voorste hoërondewysinstellings in Suid-Afrika beskou. Uit hierdie prestasie (sien artikel op bladsy drie) kan 'n mens aflei dat, hoewel die NWU nie die grootste universiteit in die land is nie, dit beslis spesiale eienskappe het.

Die inhoud van hierdie uitgawe van Eish! vier die NWU se unieke kenmerke, soos dat die Universiteit innoverend, navorsingsgeoriënteerd en proaktief is.

### 'n Gees van innovasie

Op bladsy een kan u lees hoe die finale slagspreuk, *Innovasie deur diversiteit*, die wese van die Universiteit akkuraat verwoord. Dit weerspieël die feit dat die diverse agtergrond en kulture van die NWU-gemeenskap 'n vrugbare teelaarde is vir innoverende idees, wat dikwels tot unieke navorsingsresultate, innovasie en patente lei. Blaai na bladsy 12 om meer uit te vind oor die bekendmaking van navorsingsresultate, die oordrag van kennis en tegnologie, en die beskerming van intellektuele eiendom binne 'n universiteitsomgewing.

### Fokus op navorsing

Die sterk fokus op navorsing aan die NWU kom na vore in die artikel op bladsy vier, waarin erkenning gegee word aan die ontvangers van die toonaangewende ABSA- en S2A3-bronsmedalje, wat jaarliks aan die beste meestergraadstudente aan die Universiteit toegeken word. Nóg 'n mylpaal wat behaal is, is die nuwe navorsingsentiteitmodel wat aan die NWU geïmplementeer word. Dit is daarop gemik om die navorsingsuitsette tot so 'n mate te bevorder dat die Universiteit een van die dae as een van die top vyf of ses navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika gereken sal word. Blaai na bladsy sewe om meer uit te vind oor hierdie model en die implementering daarvan.



Nelia Engelbrecht

Ander nuuswaardige verwickelinge (op bladsy 10 en 11) is die onlangse navorsingstoonstelling wat in Mafikeng gehou is, die uitbreiding van die aanlyninligtingsbron, Research-Africa, se dienste, die jongste befondsingsgeleentheid, en die toename in navorsingsbefondsing en publikasieuitsette aan die NWU.

### Proaktief

Nadat insidente soos xenofobiese aanvalle, onverdraagsaamheid en 'n gebrek aan respek vir menseregte landwyd en in besonder in die hoërondewyssektor kop uitgesteek het, het die Raad van die NWU 'n persverklaring vrygestel waarin hulle hul verbintenis om interkulturele harmonie te bevorder, bevestig het. Die nuus op bladsy 14 weerspieël die NWU se proaktiewe ingesteldheid in hierdie verband: die Universiteit se Menseregtekommissie het 'n menseregteseminaar gehou en 'n voorlegging is reeds voorberei vir die ministeriële kommissie wat die Universiteit op 9 Junie 2008 gaan besoek as deel van 'n ondersoek na alle vorme van diskriminasie in die hoërondewyssektor.

Die maatreëls wat by die Universiteit getref word om beurtkragtoepassing baas te raak, is nog 'n voorbeeld van die Universiteit se proaktiewe optrede. Volgens prof LJ Grobler van die Skool vir Meganiese Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus behoort die Universiteit voort te gaan om vir noodkrag voorsiening te maak, omdat Eskom se kragvoorsieningskapasiteit beperk is. Blaai na bladsy ses om meer hieroor te lees.

Gemeen aan die 22 ander hoërondewysinstellings in Suid-Afrika kan die NWU met reg trots wees op sy prestasies. Maar niks hiervan sou moontlik wees sonder die NWU se grootste bate nie: sy personeel. Laat ons gedurende die tweede helfte van 2008 saamspan om die NWU se sterkpunte en prestasies verder uit te bou en hierdie universiteit selfs nog meer spesiaal te maak.

### Lekker lees!

**Nelia Engelbrecht**

# NWU beslis een van die voorste universiteite in Suid-Afrika

Volgens die 2006-syfers van die Bestuursinligtingstelsel vir Hoër Onderwys (BIHO - Engels: HEMIS) wat onlangs deur die Departement van Onderwys (DvO) bekendgemaak is, is die NWU een van die voorste hoërondewysinstellings in Suid-Afrika.

Volgens die DvO se statistiek, wat in April 2008 gepubliseer is, is die NWU die vyfde grootste universiteit in Suid-Afrika. In 2006 het die NWU die beste graadverwerwing vir meestersgrade in die sektor behaal; ook die tweede beste vir baccalaureusgrade, en die vierde beste vir doktorsgrade. Die Universiteit het ook die vierde meeste voorgraadse en meestersgraadstudente en die derde meeste doktorsgraadstudente in die land opgelewer.

“Gemeen aan die 22 ander hoërondewysinstellings in Suid-Afrika, kan die NWU met reg trots wees op sy prestasies in 2006,” sê dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU.


Normering van prestasie is iets waaroor hy baie sterk voel.

“Gedurende 2006 het die NWU tot die gevolgtrekking gekom dat sy eie prestasie genormeer sou moes word met die oog op volgehoue verbetering. En as ‘n mens kyk na sy prestasie sedert die samesmelting-inkorporasie in 2004 is dit duidelik dat die NWU die één doelwit na die ander behaal het.”


“Ons het ons voorgraadse slaagsyfer ten opsigte van kontak- en afstandstudente verhoog. So ook die aantal grade en diplomas en meesters- en doktorsgrade wat toegeken is, die aantal artikelekwivalente wat gepubliseer is en die inkomste wat uit ons eie intellektuele eiendom gegenerer word.”

Dr Eloff wys daarop dat hierdie uit die aard van die saak slegs één jaar se statistiek is, en dat ‘n mens eintlik moet kyk na die tendens oor ‘n aantal jare. “Die uitdaging is om oor verloop van etlike jare in verskeie kategorieë onder die voorste vyf of ses te bly. Dit is die kenmerk van ‘n werklik goeie universiteit”.

Die tabelle en grafieke hieronder gee ‘n goeie aanduiding van die NWU se posisionering in die Suid-Afrikaanse hoërondewyslandskap:



In 2006 het die NWU die derde meeste doktorsgraadstudente in Suid-Afrika afgelewer.



Wat betref graadverwerwing onder voorgraadse studente (%), was die NWU gesamentlik tweede in SA, saam met die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. Die tempo van graadverwerwing is ‘n doeltreffendheidsmaatreël waarmee uitgedruk word watter persentasie van die totale studentetal in ‘n spesifieke jaar hul grade verwerf.

Akroniem	Naam van instelling
FH	Universiteit van Fort Hare
KSUT	Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie
NWU	<b>Noordwes-Universiteit</b>
Rhodes	Rhodes Universiteit
SUT	Sentrale Universiteit van Tegnologie
TUT	Tswane Universiteit van Tegnologie
UJ	Universiteit van Johannesburg
UK	Universiteit van Kaapstad
UKZN	Universiteit van KwaZulu-Natal
UniZulu	Universiteit van Zululand
UP	Universiteit van Pretoria
US	Universiteit van Stellenbosch
UV	Universiteit van die Vrystaat
UWK	Universiteit van die Wes-Kaap
WITS	Universiteit van Witwatersrand


In 2006 was die NWU die vyfde grootste universiteit in Suid-Afrika.

	UNISA	TUT	UP	UJ	NWU	UKZN
Totale aantal studente	227539	51446	46122	42883	38708	37582
Kontak	770	46333	38538	41877	27889	32621
Afstand	226769	5113	7584	1006	10819	4961


In 2006 het die NWU die vierde meeste voorgraadse studente in SA afgelewer.

	UNISA	UP	UJ	NWU	TUT	KSUT
Voorgraadse sertifikate en diplomas	13151	10050	9743	8950	8924	6778


In 2006 het die NWU die vierde meeste meestersgraadstudente in SA afgelewer.



Wat betref deurvloeyisfers van meestersgraadstudente (%), was die NWU gesamentlik eerste in SA, saam met Rhodes Universiteit.



Wat betref deurvloeyisfers vir doktorsgraadstudente (%), was die NWU vierde in SA.





## Prestige-navorsingsmedaljes toegeken

Die ontvangers van die 2007 ABSA- en  $S_2A_3$ -bronsmedaljes vir navorsing is aangekondig. Die Absa-bronsmedalje is aan mnr Nico van der Merwe, 'n geregistreerde geoktrooieerde rekenmeester en dosent in die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe aan die Potchefstroomkampus, toegeken. Mnr Petrus Jansen van Vuren, 'n mediese wetenskaplike by die Eenheid vir Spesiale Patogene by die Nasionale Instituut vir Aansteeklike Siektes is die ontvanger van die  $S_2A_3$ -bronsmedalje van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap. Beide is meestersgraadstudente van die Potchefstroomkampus. Mnr Van der



Mnr Petrus Jansen van Vuren (regs) was die algehele wenner van die NWU se  $S_2A_3$ -bronsmedalje vir 2007. Hier vier hy sy prestasie saam met sy studieleier, prof Albie van Dijk van Biochemie, Fakulteit Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus.



Mnr Nico van der Merwe was die ontvanger van die ABSA-bronsmedalje vir 2007. Saam met hom is sy studieleier, prof Susan Visser van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus.

Merwe se studieleier is prof Susan Visser van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Mnr Jansen van Vuren se studieleier is prof Albie van Dijk van Biochemie, Fakulteit Natuurwetenskappe.

Die ABSA-bronsmedalje word toegeken aan die beste meestersgraadstudent in die geesteswetenskappe aan die NWU en die  $S_2A_3$ -bronsmedalje aan die beste meestersgraadstudent in 'n wetenskaplike dissipline.

Die NWU gee ook sertifikate vir die beste meestersgraadstudente op die onderskeie kampusse. Sertifikate vir geesteswetenskappe sal soos volg toegeken word:

- Potchefstroomkampus – me Liesl-Dana van Schalkwyk (studieleier: prof Attie Gerber, Skool vir Kommunikasie-studies, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)
- Vaaldriehoekskampus – me Ria Booyens (studieleier: dr Mary Grosser, Skool vir Opvoedingswetenskappe, Fakulteit Geesteswetenskappe)

Die sertifikate vir die beste meestersgraadstudente in natuurwetenskappe sal soos volg toegeken word:

- Potchefstroomkampus – mnr Jaco Schutte (studieleier: prof Albert Helberg, Skool vir Elektriese, Elektroniese en Rekenaaringenieurswese, Fakulteit Ingenieurswese).

Die studente sal hul toekennings en sertifikate ontvang by die jaarlikse navorsingsfunksie wat vir 31 Oktober 2008 beplan word. Die Departement Navorsingsondersteuning wil graag die studente en hul studieleiers gelukkig wens.

## Nuwe Direkteur van Mensehulpbronne streef na eenstopdiens

*Ná die aftrede van mnr Jaap Jansen van Rensburg is mnr Christé de Wit aangestel as die nuwe Direkteur: Mensehulpbronne Bedryf. Eish! het met hom gaan gesels oor sy planne om Mensehulpbronne aan die NWU te*



Mnr Christé de Wit, nuut aangestelde Direkteur: Mensehulpbronne (Bedryf).

Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU). Hierdie uitgebreide ervaring kom mnr De Wit goed te pas by die NWU, aangesien sy portefeulje

eenstopdienslewering aan alle NWU-personeel is wat mnr De Wit in gedagte het. "Dit vereis 'n uiters vaardige personeelkorps wat in staat is om hul kliënte met alle tipes probleme by te staan – dit is immers wat 'eenstopdiens' beteken. Ek wil ook hê dat ons 'n punt sal bereik waar fakulteite of departemente aan spesifieke personeel by Mensehulpbronne toegewys word, sodat kliënte net één kontakpersoon het."

"As jy 'n professionele diens wil lewer, moet jy 'n kliëntediens ingestel hê, en daarop fokus om op voetsoolvlak noue bande met jou kliënte te smee," sê hy.

Mnr De Wit kom van Port Elizabeth af, waar hy vir bykans 'n jaar lank die provinsiale direkteur van 'n politieke party was en die finansiële en administratiewe sake van die party behartig het, met vyf streekkantore wat aan hom gerapporteer het.

Voor dit was hy vir 15 jaar lank die Direkteur: Mensehulpbronne aan die

aangeleenthede insluit soos Arbeidsverhoudinge, Werwing en Keuring, Mensehulpbron-administrasie, Betaalstaat en Byvoordele.

Nadat hy matriek geslaag het aan Hoërskool De Kuilen in Kuilsrivier, het hy in 1983 die graad BComHons aan die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit behaal, gevolg deur 'n aantal jare in die banksektor. Sy eerste kennismaking met Potchefstroom was juis gedurende hierdie jare, toe hy die dorp besoek het in sy hoedanigheid as die bank se streekspesoonelbestuurder.

Sy ervaring van hoër onderwys behels onder meer dat hy deelyds klasgegee het aan die voormalige Port Elizabethse Technikon en later aan Damelin College, waar hy vakke soos Arbeidsverhoudinge, Personeelbestuur, Mensehulpbronne, Bemaking en Finansiële Bestuur gedoseer het.

Mnr De Wit is geregistreer as 'n professionele psigometris by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika en as 'n algemene personeelpraktisyn by die SA Instituut van Personeelbestuur. Hy is ook 'n geregistreerde lid van Australië se Human Resources Institute.

Gedurende sy jare in hoër onderwys het hy lande soos Engeland, Turkye, Amerika, Griekeland en Australië besoek, waar hy veral beïndruk was deur die universiteite se bereidwilligheid om saam te werk en kundigheid uit te ruil.

In die kort tydjie wat hy al by die NWU is, het hy al baie geheg geraak aan Potchefstroom en die Universiteit.

"Sedert my aanstelling het ek nog net positiewe opmerkings oor die NWU gehoor – wat bewys dat dit reeds geposisioneer is as 'n bekende, toonaangewende universiteit. Ek glo dat die NWU plaaslik sowel as internasionaal 'n nóg groter bydrae kan lewer en ek is positief dat ons as Mensehulpbronne ook kan bydra tot hierdie proses." Die res van sy gesin is net so ingenome met die dorp en sal by hom aansluit sodra sy jongste dogter volgende jaar klaarmaak met matriek in Port Elizabeth.

## Nuwe slagspreuk definieer ons unieke kenmerke

! Vanaf bl 1

-posisionering en slagspreuk het voortgespruit uit die behoefte om uit te vind wat dit is wat die Universiteit werklik spesiaal maak.

Dit was 'n redelike uitdaging om die regte slagspreuk te vind, as gevolg van die wye aanvaarding van "Getting it right, Ons doen dit reg, Re dira sentle", wat in 2004 bekendgestel is.

Me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge wys daarop dat "Getting it Right, Ons doen dit Reg, Re dira Sentle" 'n sterk slagspreuk was wat goed gewerk het, maar dat dit nie belyn was met die Universiteit se Institusionele Plan en handelsmerkposisionering nie.

"*Innovasie deur diversiteit*, ons nuwe slagspreuk, verwoord die wese van wat ons anders en spesiaal maak in die hoërsonderwyssektor en selfs verder," verduidelik me Mmope.

Die NWU se nuwe logo, handelsmerkgitektuur en kampuskleure waaruit die institusionele korporatiewe kleure saamgestel is, is oorweldigend aanvaar deur studente, personeel, alumni en ander belanghebbendes, nadat dit verlede jaar deur die Raad goedgekeur is.

Die handelsmerkessensie, handelsmerkposisionering en slagspreuk sal instrumenteel wees in die vorming en ontwikkeling van 'n visuele identiteit - vir die drie kampusse en vir die Universiteit as 'n geheel - wat die innoverende en diverse karakter van die Universiteit verwoord.

"Hierdie visuele identiteit sal uitgedra word deur 'n interne en eksterne handelsmerkbevestigingsveldtog en ander handelsmerk-raakpunte wat uiteindelik gesamentlik sal bydra tot die konsekwente posisionering van die Universiteit in die harte en gedagtes van ons studente, personeel en belanghebbendes," sê me Mmope.



Sy is jonk, optimisties en innoverend en sy het die gees van die Noordwes-Universiteit vasgevang. Me Malebo Matlala (middel), wat tans besig is om haar meestersgraad in waterwetenskap aan die Potchefstroomkampus te voltooi, was verantwoordelik vir die slagspreukkompetisie-inskrywing wat die nuwe slagspreuk, *Innovasie deur diversiteit*, geïnspireer het. "Nadat ek van die kompetisie gelees het, het ek oor die NWU se unieke diversiteit gedink, maar ek het geweet dat daar nog meer kenmerke is," verduidelik sy. Kort voor die sluitingsdatum het sy besef dat innovasie die ander spesiale NWU-kenmerk is. Terwyl dr Ngoato Takalo (links), Adjunkhoof en Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer, die R5 000-prysgeld oorhandig het, het sy me Matlala aangemoedig om voort te gaan om so innoverend te wees. Mnr Frans du Preez, Direkteur in die kantoor van die Visekanselier, het gesê me Matlala verteenwoordig die 'nuwe gesig van die NWU' en dat die NWU dankbaar is vir die bydrae wat sy tot die Universiteit se handelsmerkproses gemaak het.

## NWU-navorsers spog met 100%

*Nadat die NWU 'n 100%-sukseskoers behaal het vir die 35 aansoeke om gradering deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) wat in 2007 ingedien is, spog die Universiteit nou met 'n totaal van 95 NNS-gegradeerde navorsers.*

Hierdie navorsers het graderings in die volgende kategorieë behaal:

A-graderings	2
B-graderings	9
C-graderings	65
P-graderings	1
Y-graderings	14
L-graderings	4

Die Potchefstroomkampus het 'n totaal van 91 gegradeerde wetenskaplikes en ná die jongste aansoeke het die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus nou twee gegradeerde wetenskaplikes elk. Dit bring die persentasie NWU-akademici met NNS-gradering op net meer as 10% te staan.

Volgens prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsings-ondersteuning, is dit 'n uitstekende prestasie om deur die NNS gegradeer te word, aangesien slegs 10% navorsers in Suid-Afrika daarin slaag om so 'n gradering te bekom.

Aanzoekers om gradering word onderwerp aan 'n internasionale eweknie-beoordeling en die kommentaar van die beoordelaars word dan deur die NNS-paneel oorweeg vir toepaslike gradering van die kandidaat.

Die voortgesette pogings om die aantal NNS-gegradeerde navorsers aan die NWU te verhoog, is deel van die Universiteit se strategie om 'n gebalanseerde onderrig-navorsingsuniversiteit te word.

## Ooreenkoms bereik oor lewenskoste-aanpassing

Verteenwoordigers van die Bestuur van die Noordwes-Universiteit (NWU), SAPTU en die Personeelvereniging het op 'n lewenskoste-aanpassing van nege persent op die totale vergoedingspakkette van kwalifiserende NWU-personeel ooreengekom. Die aanpassing, wat terugwerkend is vanaf 1 April 2008, is van toepassing op alle personeel wat binne die onderhandelingsgebied van die werknemerorganisasies val, naamlik permanente en vastetermynwerknemers met byvoordele.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die NWU is 'n lewenskoste-aanpassing ook vir die volgende jaar beding, naamlik 9,2% vir 2009. Hierdie aanpassing sal aan die gemiddelde 2008-verbruikersprysindeks (VPI) onderhewig wees. Indien die indeks tot bokant 12% styg, sal die aanpassing heroorweeg word.

Hierdie ooreenkoms is op 22 Mei 2008 bereik, ná 'n intensiewe bedingingsproses deur die Institusionele Bedingingsforum (IBF).

"Al die betrokke partye is verheug dat 'n aanvaarbare ooreenkoms uiteindelik bereik is," sê mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeids-verhoudinge.

# Kragopwekkers vir noodkragvoorsiening op pad

*In die vorige Eish! het ons berig oor die planne wat gemaak is om noodkrag aan die kampusse en aan die Institusionele Kantoor te voorsien. Eish! het met prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite gaan gesels oor die nuutste verwickelinge.*

**D**rie van die ses kragopwekkers wat deur die Noordwes-Universiteit (NWU) bestel is, het reeds in Suid-Afrika aangekom en sal op die Potchefstroomkampus by die weskampus se hek geïnstalleer word sodra die gebou wat vir hierdie doel opgerig word, voltooi is.

Die ander drie kragopwekkers behoort teen die einde van Junie in Suid-Afrika te wees en word in die eerste week van Julie afgelewer. Die finale installasiedatum is geskeduleer vir 15 Augustus 2008.

“Ongelukkig kan die eerste drie kragopwekkers nie gebruik word voordat al ses geïnstalleer is nie,” sê prof Rost.

## Tussentydse maatreëls

Intussen is daar drie kleiner kragopwekkers op die Potchefstroomkampus geïnstalleer. Een is by die Fakulteit Natuurwetenskappe, nóg een by Gesondheidswetenskappe, en die derde een staan op die suidkampus by geboue C1 en B10.

Sodra al ses groot kragopwekkers in werking gestel is, sal twee van die drie kleineres na die Mafikengkampus toe verskuif word. Een sal geïnstalleer word by die Sentrum vir Toegepaste Bestralingswetenskap en Tegnologie en die ander een is bestem vir die nuwe studentesentrum wat nog in aanbou is. Die derde kragopwekker sal by die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus geïnstalleer word.

Terselfdertyd sal die kragopwekker in Lovers' Lane op die Potchefstroomkampus na die Vaaldriehoekskampus toe verskuif word, waar die proses van noodkragvoorsiening ook al goed op dreef is. 'n Kragopwekker is onlangs geïnstalleer by Faranani, 'n koshuis wat nie op die kampus self geleë is nie, en nóg een is bestel vir die Quest-konferensiesentrum.

Soos voorheen berig, het elektrisiteitsvoorsieningsprobleme wat in die verlede ondervind is, veroorsaak dat die Mafikengkampus reeds voorsorg getref het vir noodkragvoorsiening en verskeie kragopwekkers by hul geboue geïnstalleer het. As die kampus eers die twee kleiner kragopwekkers van die Potchefstroomkampus af ontvang het, behoort hulle toekomstige beurtkrag met relatiewe gemak te kan hanteer.

## 10%-kragbesparing

“Die Mafikengkampus kry sy elektrisiteit direk van Eskom af, en die Vaaldriehoekskampus s'n kom van die plaaslike munisipaliteit af. In beide gevalle is die ooreenkoms dat die kampusse uitgesluit sal word van beurtkrag indien hulle 10% krag kan bespaar,” sê prof Rost.

Kragbeheerstelsels op hierdie kampusse verseker dat kragverbruik noukeurig gemoniteer word en dat die voorgeskrewe 10%-besparing wel behaal word.

Alhoewel dieselfde moniteringstelsel op die Potchefstroomkampus gebruik word, kan die kampus nie uitgesluit word van beurtkrag nie, aangesien kragvoorsieningstasies met ander plaaslike kragverbruikers gedeel word. 'n Paneel deskundiges van die Potchefstroomkampus staan die munisipaliteit by om die stad se elektrisiteitsuitdagings die hoof te bied.

Die enigste uitstaande kwessie in verband met noodkragvoorsiening is die proses om die beste beheerstelsel te kies vir die regulering van die noodkrag wat deur die ses groot kragopwekkers voorsien sal word. Die Universiteit oorweeg tans verskillende moontlikhede en in die volgende uitgawe van Eish! sal u meer kan lees oor die uitkoms van hierdie proses.

## Onbeplande beurtkrag onvermydelik, sê NWU-kenner

“Dit is belangrik dat die Universiteit steeds voortgaan met die beplanning vir noodkragvoorsiening,” sê prof LJ Grobler van die Skool vir Meganiese Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus van die NWU.

Hy wys daarop dat Eskom se kragvoorsieningskapasiteit beperk is. Faktore soos koue weer of instandhouding aan kragstasies kan die netwerk onder groot druk plaas en tot onbeplande beurtkrag lei.

“Internasionaal mik elektrisiteitsvoorsieners daarna om 'n reserwemarge van 15% te hê. Met ander woorde, die beskikbare kapasiteit moet 15% meer wees as wat werklik gebruik word. Die reserwe is nodig om stabiliteit aan die netwerk te gee indien van die kragstasies onbeplande instandhouding moet ondergaan. Dit sal verseker dat die ander kragstasies se kapasiteit voldoende is om in die behoeftes te voorsien.”

“Suid Afrika se reserwemarge is tans tussen agt en tien persent. Dit beteken dat ons genoeg krag het terwyl alles volgens plan verloop, maar indien daar iets onverwags gebeur, kom die netwerk onder druk en kan onbeplande beurtkrag voorkom. Tans het ons 'n tekort van 3000 MW om by die 15% reserwemarge uit te kom. Vooruitskattings toon dat die tekort gaan groei tot 6000 MW teen 2014.”

Dit beteken dat die netwerk oor die volgende aantal jare nog meer onder druk gaan kom, wat tot 'n toename in die voorkoms van onbeplande beurtkrag sal lei.



Prof LJ Grobler, Skool vir Meganiese Ingenieurswese, Potchefstroomkampus

# Nuwe Voorsitter van die Institusionele Forum gereed vir die uitdaging



Prof Christo van Wyk, nuut verkose Voorsitter van die Institusionele Forum (IF).

*Verskeie belangrike uitdagings lê voor vir die Universiteit se Institusionele Forum (IF), waaronder die besoek deur 'n hoëvlakafvaardiging wat ondersoek instel na rasse-onverdraagsaamheid by alle hoëronderrysinstellings. Dit is die siening van professor Christo van Wyk, nuut verkose IF-voorsitter. Eish! het met prof Van Wyk gesels oor hoe hy die rol van die IF sien, oor die uitdagings waarvoor dit te staan kom en oor sy toekomsvisie.*

**K**ragtens 'n besluit wat twee jaar gelede deur die Institusionele Forum se Uitvoerende Komitee geneem is dat die posisie van voorsitter tussen die lede van die UK moet roteer, is prof Christo van Wyk aangewys as die IF-voorsitter vir 2008 - 2011. Behalwe dat hy lid is van die NWU-Raad en

die Raad se Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid, is hy ook Direkteur van die Skool vir Gedragwetenskappe op die Vaaldriehoekcampus.

Prof Van Wyk glo dat die IF 'n belangrike rol het om by die Universiteit te speel. "Die IF moenie gesien word as 'n gerieflike geselsforum nie; dit moet 'n aktiewe rol speel met betrekking tot transformasie."

Ingevolge die Universiteit se Statuut is die IF 'n geïntegreerde, verteenwoordigende liggaam wat die Raad oor verskillende sake adviseer. Dit sluit in die keuring van kandidate vir aanstelling as Visekanselier en lede van die Institusionele Bestuur, beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, beleid oor bemiddeling en dispuutoplossing, die bestuur van kulturele diversiteit en die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur wat bevorderlik is vir verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte.

### Uitdagings

Een van die IF se grootste uitdagings vir 2008 is die besoek van 'n ministeriële komitee op 9 Junie 2008. Hierdie komitee het 'n mandaat ontvang om ondersoek in te stel na rassediskriminasie en etniese onverdraagsaamheid by alle hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika na aanleiding van die rasse-insident by die Universiteit van die Vrystaat waarvoor vroeër vanjaar berig is. In die lig van die verbintenis tussen die NWU se Menseregtekommissie en die IF, sal die Forum direk by die ondersoek betrokke wees en die Komitee van inligting voorsien en die NWU se Bestuur en Raad adviseer waar nodig.

'n Verdere uitdaging is om seker te maak dat diskriminasie en skending

van menseregte nie plaasvind as deel van studente se ontvangsprogram by die Universiteit nie. In hierdie konteks sal die IF met alle rolspelers op al drie kampusse interaksie hê om gepaste, niediskriminerende ontvangspraktyke te fasiliteer.

### Visie

Daar is verskeie doelwitte wat prof Van Wyk graag wil hê die IF onder sy voorsitterskap moet bereik. Een daarvan is om 'n betekenisvolle rol te speel in Maart 2009 se HOKK-oudit. "Die IF sal ook ondersoek word en ons moet seker maak dat ons aan alle wetlike en statutêre vereistes voldoen, dat ons alles doen wat ons veronderstel is om te doen en dat ons verteenwoordigend is van alle belangegroepes soos gedefinieer in die Wet op Hoër Onderwys."

Deel van sy visie is om te verseker dat die IF gedurende sy termyn ten volle verteenwoordigend sal word. Die IF bestaan uit 29 lede, en daar is 15 vakatures wat gevul moet word.

Die IF verteenwoordig die Raad, die Bestuur, die akademie (hetsy lede van die Senaat of nie), ondersteuningspersoneel, studente (Verteenwoordigende Studenterrade), vakbonde (SAPU en die Personeelvereniging), gekoöpteerde lede met spesiale kundigheid, gemeenskapsleiers en lede van die Konvokasie.

Prof Van Wyk sê die IF ondersteun die NWU se vier doenwaardes, naamlik integriteit, toegewydheid, toerekenbaarheid en respek, ten volle. "Deur hierdie waardes te onderskryf, neem die IF die NWU vorentoe binne die bepaling van die Grondwet van Suid-Afrika."

As alles volgens plan verloop, sal prof Van Wyk se ampstermyn die HOKK-oudit van Maart 2009 insluit, aangesien sy termyn oor 'n driejaarperiode vanaf Maart 2008 tot Februarie 2011 strek. Me Rolien Roos, 'n regsdosent van die Potchefstroomkampus en tans Adjunkvoorsitter van die IF, sal in Februarie 2011 die voorsitterstoel inneem.

Mnr Theo Venter was die eerste IF-voorsitter nadat die IF in 2007 as 'n permanente liggaam gekonstitueer is.

## Nuwe navorsingsentiteite word binnekort aangekondig


Die uitkoms van die evaluering van 13 navorsingsentiteite aan die NWU deur eksterne spesialiste sal binnekort bekendgemaak word.

As deel van die implementering van die NWU se navorsingsentiteitemodel is die evalueerders se verslae deur die Institusionele Navorsingsteunkommissie bestudeer, en aanbevelings is gemaak aan die Institusionele Bestuur (IB) en die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI). "Ingevolge die nuwe model kan enige skool op enige kampus aansoek doen om geëvalueer te word met die oog op opgradering vanaf 'n nisarea tot 'n fokusarea, 'n eenheid en uiteindelik 'n sentrum van uitnemendheid," verduidelik prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning.

"Ons glo dat die nuwe model die potensiaal het om navorsingsuitsette regoor die Universiteit te verbeter, 'n oorkoepelende institusionele identiteit te skep en terselfdertyd voorsiening te maak vir differensiering op grond van die kapasiteit en vermoëns van die onderskeie kampusse," sê sy.

Ingevolge die nuwe model sal NWU-kampusse hulle eie navorsingsentiteite ontwikkel en bestuur. Deelname sal hoofsaaklik beperk wees tot navorsers van 'n spesifieke kampus, maar daar sal geleentheid wees vir samewerking met ander kampusse.

Die nuwe entiteite sal in die volgende uitgawe van Eish! aangekondig word. *Navrae oor die navorsingsentiteite kan gerig word aan prof Amanda Lourens by Amanda.Lourens@nwu.ac.za, of (018) 299 4848*





# Hy het 'n passie vir mense

*As deel van ons reeks oor die aktiwiteite van die lede van die Institusionele Bestuur, fokus ons op die kantoor van mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling.*

**T**erwyl ons oor sy portefeulje praat, word dit duidelik dat mnr Victor Mothobi 'n passie vir mense het. Hy hou daarvan om met mense te werk en glo dat die bestuur van mense nie bloot gaan om die nakoming van beleide en reëls nie, maar oor die verstaan van mense en die skep van 'n bemagtigende werksomgewing waarin hulle kan groei en uitblink.

Om dit reg te kry, het mnr Mothobi 'n paar opwindende planne vir die toekoms. Dit sluit in om die huidige rolle van Mensontwikkeling se personeel te hersien, 'n omvattende bewusmakingsveldtog te loods en 'n stelsel bekend te stel waarvolgens onderhoude met nuwe werknemers gevoer word om hul verwagtinge van die werkplek te bepaal.

#### Hersiening van rolle

“Die hersiening van die huidige rolle van personeellede van Mensontwikkeling sal ons in staat stel om nog sterker op dienslewering te fokus,” sê mnr Mothobi.

Dit sal gedoen word deur verantwoordelikhede binne eenhede soos fakulteite en/of ondersteuningsdepartemente op die drie kampusse en by die Institusionele Kantoor aan sekere personeellede toe te wys. Hierdie Mensontwikkeling-personeel sal hul wye kennis van Mensehulpbronverwante dienste gebruik om die lynbestuurders en dekane van die eenhede te ondersteun en

te adviseer, hulself vertrou te maak met die behoeftes van die NWU se personeel in daardie eenhede en 'n wye verskeidenheid dienste aan hulle te lewer.

#### Bewusmakingsveldtog

“Dit is belangrik dat die NWU-gemeenskap ons departement as 'n betroubare diensverskaffer beskou, waar hulle betroubare inligting en professionele hulp oor mensehulpbronverwante sake kan kry,” sê mnr Mothobi.

“Ons moet uit ons kantore kom en na die mense toe gaan. Sodoende kan ons uitvind wat hul behoeftes is en hulle bewus maak van hoe ons hulle kan ondersteun.”

Die woord is by die daad gevoeg en gedurende die eerste semester is 'n bewusmakingsveldtog geloods wat die Mensehulpbrondienste wat tot NWU-personeel se beskikking is, bekend gestel. Inligtingsessies, wat gepaard gaan met dienspunte by verskillende stalletjies waar kampus- en IK-personeel nog meer inligting kan kry, is op die onderskeie kampusse en by die Institusionele Kantoor (IK) gehou. Hierdie inligtingsessies sal in die tweede semester herhaal word.

#### Opgeloopte onderhoude

Nog 'n manier om tweerigtingkommunikasie tussen Mensontwikkeling en die NWU-gemeenskap te verbeter, is om die bestaande onderhoudstelsel uit te brei.

Tot onlangs is onderhoude met werknemers gevoer slegs onmiddellik voordat hulle die diens van die NWU verlaat het. “Ons het besef ons moet proaktief wees. In plaas daarvan om uitree-onderhoude te voer met mense wat bedank, moet ons onderhoude voer met nuwelinge wat hul loopbane begin,” verduidelik mnr Mothobi.

Twee maande nadat nuwe werknemers aangestel is, voer hul lynbestuurders onderhoude met hulle om uit te vind hoe hulle vaar. Hierdie onderhoude word opgevolg deur nog 'n rondte onderhoude, hierdie keer deur verteenwoordigers van Mensontwikkeling. Hierdie onderhoude vind plaas ná die werknemers se eerste ses maande by die Universiteit en het ten doel om byvoorbeeld vas te stel of daar aan hul verwagtinge voldoen is, en of hulle weet wat van hulle verwag word en die nodige leiding en opleiding ontvang het om te verseker dat hulle optimaal presteer.

#### Vaardigheidsontwikkeling

Opleiding lê mnr Mothobi na aan die hart. “Ons personeel is ons grootste bate en ons moet hulle goed versorg. Een manier om dit te doen, is om te verseker dat hulle verryk word met die nodige vaardighede en akademiese kwalifikasies wat op hulle werk betrekking het.”

Benewens onder meer 'n oriënteringssessie vir alle nuwe personeel en 'n kursus vir nuwe akademiese personeel, bied die NWU aan sy personeellede verskeie formele studiegeleenthede, soos die opsie dat hulle en hul onmiddellike gesinslede gratis aan die NWU kan studeer. Indien hul werksomstandighede nie voltydse studie aan die NWU toelaat nie, kan personeel ook aan UNISA studeer, met die NWU wat die rekening betaal. Studievoordele sluit ook studie- en sabbatsverlof in.

#### Studentesake en sport

Nog 'n prioriteit vir mnr Mothobi is die professionele en sistematiese



Mnr Victor Mothobi

## Agtergrond

Tale: Tswana, Engels, Afrikaans, Xhosa, Sotho, Zulu, Tsonga, en Swazi  
Tersiëre opleiding: Sertifikaat in Personeelbestuur, 1992, Unisa; Sertifikaat in Bestuur van Arbeidsbetrokkinge, 2002, Unisa; BA in Geesteswetenskappe, 2004, Randse Afrikaanse Universiteit

#### Professionele ervaring:

- Newtra-dienssentrum: Senior Mensehulpbronneklerk (1989 – 1993)
- Randse Afrikaanse Universiteit: Assistent-direkteur: Personeel (1993 – 2005)
- Noordwes-Universiteit: Direkteur: Mensehulpbronne Bedryf (2005 – 2006)
- Noordwes-Universiteit: Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling (2006 tot tans)

#### Lidmaatskap van komitees:

- Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) se Mensehulpbronne en Vergoedingskomitee
- Nasionale Hoër Onderwys se Forum vir Mensehulpbrondirekteurs



koördinerings van studentesake en sport regoor die Universiteit.

Om dit reg te kry, is 'n paar stappe reeds gedoen, byvoorbeeld om studente se deelname aan bestuurstrukture soos die Raad, Senaat, Institusionele Forum en die Advieskomitee vir Studenteondersteuningsdienste te verseker. 'n Leierskapopleidingswerkwinkel vir studenteleiers is ook op 21 en 22 Januarie 2008 gehou, en die eerste jaarplan ooit vir die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad is opgestel.

'n Geslaagde institusionele interkampus-sportdag is op 1 Maart 2008 by die Potchefstroomkampus gehou, en sal gevolg word deur 'n tweede een in Oktober 2008 op die Mafikengkampus. Studente van regoor die Universiteit het ook seminare oor menseregte bygewoon: op 16 Mei 2008 op die Mafikengkampus en op 16 April 2008 op die Potchefstroomkampus. Daarbenewens gaan 'n paar studente ook in Julie vanjaar aan die Grahamstadse Kunstefees deelneem, wat vir hulle waardevolle blootstelling sal gee en die NWU se sigbaarheid op die gebied van die kunste sal verhoog.

**'n Lang pad**

Mnr Mothobi wys daarop dat dit geen maklike taak was om die NWU se kapasiteit sedert die samesmelting uit te bou nie. Gegee die gedentraliseerde, gefragmenteerde mensontwikkelingsdienste en -stelsels wat ten tyde van die samesmelting in 2004 bestaan het, het die koördinerings van hierdie aktiwiteite sedertdien 'n lang pad gekom. Sentralisering het dit moontlik gemaak om onder meer 'n gemeenskaplike stel beleide, reëls en prosedures, een mensontwikkelingsstelsel, 'n gesentraliseerde betaalstaatsstelsel, 'n gemeenskaplike stel diensvoorwaardes en gestandaardiseerde erkenningsooreenkomste met vakbonde te ontwikkel en bekend te stel.

"Terwyl ons op hierdie stewige fondament voortbou, behoort ons na selfs beter koördinerings van mensontwikkelingsaktiwiteite regoor die Universiteit te streef," sê mnr Mothobi.

**Vooruitskouing**

Hy het 'n paar toekomsdrome vir die NWU. Hy beoog om 'n opwindende, motiverende werksomgewing te skep, en wil ook meer interkulturele verdraagsaamheid sien. Om dit te fasiliteer, moet omvattende diversiteitsbestuursprogramme in plek wees, wat NWU-personeel in staat sal stel om die uiteenlopende kulture wat by die Universiteit bestaan beter te begryp.

"Ek glo die twee suksesvolle sosiale dae vir NWU-personeel wat op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus gehou is, het reeds interkulturele

begrip verbeter en 'n gevoel van tuiswees laat posvat. Die volgende sosiale dag, wat op 22 Augustus op die Mafikengkampus sal plaasvind, sal aan personeel die geleentheid gee om daardie kampus te leer ken, wat weer eens 'n gevoel van eenheid sal bevorder."

Laastens wil mnr Mothobi graag hê dat personeel vertrouwd moet raak met die Institusionele Plan (IP) van die Universiteit, ten einde te verseker dat hul bydraes ooreenstem met die doelwitte wat in die IP vervat is.

**Mnr Mothobi se verantwoordelikhede sluit die volgende in:**

- Daarstelling en bestuur van strategieë, beleide en stelsels vir mensontwikkeling
- Bestuur van organisasieel en ontwikkeling
- Bestuur van betaalstaataktiwiteite
- Bestuur van mensehulpbron-aktiwiteite, insluitende werwing en keuring, werknemervoordele, arbeidsbetrekkinge en mensehulpbron-administrasie
- Bestuur van diversiteit en menseregte, insluitende die ontwikkeling van programme vir indiensnemingsgelykheid
- Koördinerings van die aktiwiteite van en ondersteuning aan die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad
- Koördinerings van studentesport oor die drie kampusse heen
- Bestuur van personeel se gesondheids- en welsynsaktiwiteite

**Gunstelingkos:** Seekos en gemengde groente

**Gunstelingboek:** Dave Ulrich se HR Champions ('n geskenk van die Universiteit van Sydney)

**Dit maak my gelukkig:** Erkenning vir jou bydraes

**Waarvan ek in mense hou:** Eerlikheid en lojaliteit

**My hoop vir Suid-Afrika se samelewing:** Om ten volle verenig te wees as een nasie

**Ontspanning:** Sport, oefen in die gimnasium, reis

**My beste vakansie ooit:** Besoek aan Mpumalanga

**Direkteure van Mensontwikkeling**



Mnr Christé de Wit, Direkteur: Mensehulpbronne Bedryf



Prof Chris van der Watt, Direkteur: Organisasieel en -Ontwikkeling



Prof Madoda Zibi, Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte



Dr Edward Sedibe, Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport

# Navorsingstentoonstelling gee NWU-profiel 'n hupstoot

Navorsers en personeel van die Noordwes-Universiteit het die Noordwes-Navorsingskoördineringskomitee (NWNKK) se eerste navorsingstentoonstelling bygewoon. Die tentoonstelling is op 7 Mei 2008 by die Mmabatho-konvensiesentrum gehou en is deur ten minste 300 navorsers en toonaangewende navorsingsinstellings bygewoon.

Die tema van die navorsingstentoonstelling was "Die versnelling van sosio-ekonomiese ontwikkeling deur navorsing", en die doel daarvan was om die waarde van navorsingsinligting in besluitneming te beklemtoon.

Volgens prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning en Ondervoorsitter van die NWNKK, het die tentoonstelling 'n waardevolle platform geskep waar navorsers hul werk ten toon kon stel. Dit was terselfdertyd 'n geleentheid vir interaksie met belanghebbendes in die sakewêreld en regeringsdepartemente oor maniere waarop resultate waarde kan toevoeg tot beleidmaking.

Tydens onderhoude met plaaslike radiostasies het sy verduidelik dat inligting oor die omgewing nodig is vir beleidsbesluite wat uiteindelik 'n beter lewe vir almal sal verseker. As voorbeeld het sy verwys na een van die plakkaats wat deur NWU-

navorsers uitgestal is, wat gewys het hoe die teenwoordigheid van erdwurms 'n aanduiding kan wees van die mate van grondbesoedeling.

Die Premier van die Noordwesprovinsie, me Edna Molewa, het op 'n mediakonferensie oor die navorsingstentoonstelling daarop gewys dat navorsing 'n belangrike fokusarea in die proses van transformasie, ontwikkeling en groei is. "Organisasies soos die NWNKK het die verantwoordelikheid om navorsers en beleidmakers byeen te bring sodat daar 'n voortdurende dialoog tot stand kan kom oor die uitdagings waarvoor die provinsie te staan kom, sowel as oor moontlike oplossings," sê sy.

Instellings soos die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Nasionale Navorsingstigting (NNS), akademiese instellings, en regeringsdepartemente is by die navorsingstentoonstelling verteenwoordig.

Die NWNKK, saamgestel in 2002 en tans onder voorsitterskap van prof Job Mokgoro, bestaan uit 'n interdisiplinêre komitee van navorsers wat alle betrokke belanghebbendes verteenwoordig en beskou word as die beste antwoord op 'n gesamentlike navorsingsbenadering.

*Enige navrae oor die navorsingstentoonstelling kan gerig word aan prof Amanda Lourens by [Amanda.Lourens@nwu.ac.za](mailto:Amanda.Lourens@nwu.ac.za), of (018) 299 4848.*



Prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning en Ondervoorsitter van die NWNKK

## Research-Africa se dienste word uitgebrei

Research-Africa, 'n aanlyninligtingsbron vir navorsers, is nou beskikbaar vir alle NWU-navorsers en sy reeds omvattende reeks dienste gaan binnekort verder uitgebrei word. Aanlynondersteuning en mentordienste sal later vanjaar by sy repertoire gevoeg word, tesame met dienste vir die deel van inligting.

Dit sal gedoen word deur middel van Research Professional, wat die volgende nuwe dienste sal insluit:

- Webgebaseerde gemeenskapseienskappe wat voorsiening maak vir die deel van inligting en kundigheid per fakulteit, departement of navorsingsgroep in werkgroepe en forums. Dit sal buigsam genoeg wees om aan spesifieke vereistes te voldoen.
- Administrator Direct: bied aanlynondersteuning en mentordienste deur Research-Africa-kundiges.

Die Research-Africa-webwerf-administrateur, me Ronel Pieterse, doen 'n beroep op alle NWU-navorsers om op die webblad te registreer vir 'n persoonlike rekening en om hul eie verpersoonlikte kennisgewingsdiens op te stel.

Dit is die voordele:

- Persoonlike rekenings vir elke gebruiker, met die moontlikheid van verpersoonlikte sleutelwoordsoektogte, lêerstoring en lêerdeling.
- Die moontlikheid om belangrike items te "boekmerk" en dit na 'n kontak toe te e-pos,
- Institusionele webwerfadministrateur-rekenings met funksionaliteit wat die verspreiding en annotasie van inligting na verskillende vlakke van die organisasie toe moontlik maak, en

- Gratis universele toegang op Research-Africa.net tot die volgende e-biblioteke:
  - o NEPAD (Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling) se Wetenskap, Tegnologie en Innovasie(WTI)-beleid-e-biblioteek. Die e-biblioteek is 'n soekbare databasis van alle Afrikalande se WTI-beleidsdokumente; en
  - o die Navorsing en Innovasie-beleid-e-biblioteek van die Association of Commonwealth Universities (ACU). Die beleid-e-biblioteek is 'n soekbare databasis met aflaaibare dokumente van die universiteite van verskeie Afrika- en Statebondslande.
- Weeklikse kennisgewings aan rekeninghouers oor die nuutste befondsingsgeleenthede.

### Toegang tot befondsingsgeleenthede

Een van die grootste voordele van Research-Africa is dat dit as 'n waardevolle inligtingsbron oor navorsingsbefondsing dien. Dit bied inligting oor navorsingsborge en hul navorsingsprogramme, en oor uitnodigings vir aansoeke vir navorsingsbefondsing.

Die befondsingsgeleenthede word pasgemaak vir Afrika-gebruikers, en verskaf inligting oor onder meer samewerkingssooreenkomste, akademiese agtergrond, tipes befondsing en gedetailleerde vereistes vir voorleggings en sperdatums. Daar is ook skakels na die borge se webwerwe waar verdere inligting en aansoekdokumente afgelaai kan word. Gebruikers kan ook hul eie soekriteria en boekmerkinligting opstel. Dit sal hulle help om te besluit óf en hóe hulle op uitnodigings om referate gaan reageer, wat ure se frustrasie kan spaar. Research-Africa se webadres is: [www.research-africa.net](http://www.research-africa.net)

*Vir meer inligting oor hierdie aanlyndiens, kontak die webwerfadministrateur, me Ronel Pieterse by [Ronel.Pieterse@nwu.ac.za](mailto:Ronel.Pieterse@nwu.ac.za) of (018) 299 4853.*



Me Ronel Pieterse

# Toename in navorsingsbefondsing vir 2008

Gedurende 2008 het die NWU in totaal R39 273 810 in navorsingsbefondsing van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), die Mediese Navorsingsraad (MNR) en die THRIP-program ontvang. THRIP, een van die enkele grootste bronne van befondsing vir 2008 tot dusver, het R25 387 870 aan die NWU toegeken, wat 'n styging van 78% verteenwoordig vergeleke met die R14,2 miljoen wat in 2007 ontvang is.

Die volgende fokusareas het THRIP-befondsing ontvang in 2008:

- \* Eenheid vir Energiestelsels (R23 986 950)
- \* Skeidingswetenskap en Tegnologie (R810 833)
- \* Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (R590 086)

Die NNS en die MNR het gesamentlik R13 885 940 toegeken, soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

Befondsing ontvang van die NNS en die MNR				
	NNS-fokusareaprogram	NRF THUTHUKA	MNR	NNS INOP
Mafikengkampus	R 190 000	R 697 600	-	-
Potchefstroomkampus	R 7 730 166	R 3 356 100	R 607 240	R995 834
Vaaldriehoekkampus	R 34 000	R 275 000	-	-
<b>Totaal vir NWU</b>	<b>R 7 954 166</b>	<b>R 4 328 700</b>	<b>R 607 240</b>	<b>R995 834</b>

## Befondsingsgeleenthede beskikbaar

'n Sleutelement vir navorsing is voldoende befondsing, en een van die Departement Navorsingsondersteuning se belangrike rolle is om NWU-navorsers oor befondsingsgeleenthede in te lig.

Behalwe vir die verspreiding van inligting oor befondsingsgeleenthede deur die aanlyndatabasis, Research-Africa, versprei die Departement ook 'n maandelikse befondsingskenningsgewing via e-pos aan sleutel-NWU-navorsingspersoneel en kampusbesture op die drie kampusse met inligting

oor elke maand se nuwe geleenthede.

Neem asseblief kennis van die volgende sperdatums vir befondsingsgeleenthede:

### 16 Julie 2008

- Postdoktorale genootskappe – Departement van Arbeid, Skaars Vaardighede
- NNS vrystaande postdoktorale genootskappe: Navorsing in Suid-Afrika
- NNS vrystaande postdoktorale genootskappe: Navorsing in die buiteland

### 17 Julie 2008

- THUTHUKA- en INOP-toekennings (Engels: IRDP)

### 1 Augustus 2008

- Meestersgraadbeurse – Departement van Arbeid, Skaars Vaardighede
- PhD-beurse – Departement van Arbeid, Skaars Vaardighede
- SABU vrystaande beurse vir doktorsale studie

### 15 September 2008

- Hermes-genootskappe
- Poliomiëlitis-navorsingstigting
- Postdoktorale genootskappe
- James Gear internasionale genootskappe
- Reistoekennings

### 16 Desember 2008

- PhD-beurse – Sentrum vir Omgewingseconomie en -beleid in Afrika

### Vier weke voor die aanvang van die genootskap

- Archie Mafeje-genootskap – Afrika-instituut van Suid-Afrika
- Bernard Magubane-genootskap

### Die volgende twee het geen sperdatums nie:

- Program vir die Bevordering van Tegnologie – NNS
- Program vir Missies in Tegnologie

Inligting oor alle befondsingsgeleenthede is op die navorsingswebwerf beskikbaar by <https://intranet.nwu.ac.za/af/in-im-rs/researchfunding/fundingopportunities/index.html>

Aansoek kan ingedien word by me Hannekie Botha. Indien u enige navrae het oor befondsingsgeleenthede, kontak haar gerus by (018) 299 4850.

## Toename in NWU se publikasie-uitsette

Die NWU se navorsingspublikasie-uitsette (met inbegrip van boeke en konferensies) het sy opwaartse spiraal in 2006 voortgesit, met 360,85 eenhede vir daardie jaar, vergeleke met die 326,19 in 2005 en 275,05 in 2004.

Ten einde die NWU se navorsingsdoelwitte te bereik en voldoende subsidie van die Departement van Onderwys (DvO) te verseker, is dit belangrik dat hierdie positiewe tendens voortgesit word. Om hierdie rede monitor die Departement Navorsingsondersteuning die publikasie-uitsette noukeurig.

Volgens hul rekords het 2006 se uitsette bestaan uit 1,55 eenhede vir boeke (0,47% van die totale uitset), 7,8 eenhede vir konferensiereferate (2,22% van die totaal) en 351,5 eenhede vir wetenskaplike tydskrifte (4,75% van die totaal). Die NWU het 4,46% van die totale gesubsidieerde publikasie-uitsette in Suid-Afrika bygedra, soos voorgelê aan die DvO. Die navorsingspublikasie-eenheid-produktiwiteit het die toename in die NWU se navorsingsuitsette per capita weerspieël: 'n toename van 0,36 in 2004 tot 0,4 in 2006.

Van die 13 boeke en 40 konferensiereferate wat in 2006 aan die DvO voorgelê is, is 5 boeke en 31 konferensiereferate goedgekeur, wat neerkom op 'n goedkeuringskoers van 58% vir boeke en konferensiereferate gesamentlik. Vir konferensiereferate het die NWU 'n 78%-sukseskoers van die DvO behaal.

Die Departement Navorsingsondersteuning is tans in die proses om die 2007-publikasie-uitsette aan die DvO voor te lê vir subsidiedoeleindes.

Enige navrae oor die statistiek kan gerig word aan prof Amanda Lourens, [Amanda.Lourens@nwu.ac.za](mailto:Amanda.Lourens@nwu.ac.za), (018) 299 4848.



# Verenigde Nasies-agentskap sluit by NWU-seminaar oor patente aan

*Afgevaardigdes van die World Intellectual Property Organisation (WIPO) het in Mei hierdie jaar deelgeneem aan 'n seminar wat deur die Institusionele Regskantoor van die Noordwes-Universiteit (NWU) aangebied is om die aandag te vestig op tegnologie- en kennisoordrag. Die deelname van WIPO, 'n spesialisagentskap van die Verenigde Nasies, het die Universiteit se leierskap op die gebied van intellektuele eiendom beklemtoon.*

Die NWU is een van die min universiteite in Suid-Afrika wat innoverend die voordele van intellektuele eiendom ondersoek. Ses NWU-uitvindings is in die Verenigde State gepatenteer en die Universiteit verdien ongeveer R1,4 miljoen per jaar aan tantieme en lisensiegeld vir patente.

Die NWU het onlangs 'n betekenisvolle bydrae gelewer om die belangrike rol van kennis- en tegnologie-oordrag binne die universiteitsgemeenskap en samelewing te beklemtoon deur 'n patentseminaar op die Potchefstroomkampus aan te bied.

## Patentering 'n prioriteit

Me Marta Catarino, 'n intellektuele eiendomspecialis van Portugal, sê dat die registrasie van patente 'n prioriteit vir universiteite moet wees, aangesien dit die vertrekpunt vir die proses van kommersialisering van navorsingsresultate is.

"Die rol van universiteite is in wese die verspreiding van inligting en kennis, en daarom moet navorsingsresultate openbaar gemaak word," sê me Catarino, wat TecMinho, 'n organisasie sonder winsoogmerk van die Universiteit van Minho, verteenwoordig.

Sy het egter gesê dat die openbaarmaking van navorsingsresultate op so 'n wyse gedoen moet word dat die intellektuele eiendom van universiteite en hul navorsers beskerm word. Die registrasie van patentregte beskerm nie net die uitvindings nie, maar ook die beleggings wat daarin gemaak is.

Sy het die feit beklemtoon dat navorsers 'n vertroulikheidssooreenkoms moet teken wanneer 'n derde party toegang tot hul navorsingsresultate verkry – of nog beter – hulle behoort 'n voorlopige patentregaansoek in te dien. Dit is baie belangrik om dit te doen voordat navorsingsresultate deur 'n artikel, plakkaat, aanbieding of lesing openbaar gemaak word, om te verhoed dat die resultate hulle 'nuutheid', en gevolglik hul patenteerbaarheid, verloor.

## Ondersteuning vir navorsers

Me Catarino het gesê dat navorsers van 'n universiteit se grootste bates is, en ondersteun moet word in die tegnologie-oordrag en kommersialisering van hul navorsingsresultate.

Dit kan gedoen word deur 'n duidelike intellektuele eiendomsbeleid te



Tydens die seminar het die firma DM Kisch 'n tjek aan die Noordwes-Universiteit (NWU) oorhandig as deel van hul voortgesette ondersteuning aan die Universiteit se Regskantoor. Van links na regs: Mnr Frans Kruger, Institusionele Direkteur: Regskantoor, mnr André van der Merwe, DM Kisch, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, en prof Francois Venter, Dekaan: Regsfakulteit, Potchefstroomkampus.

hê wat verduidelik waarom en hoe kennisoordrag hanteer word, sowel as deur te verseker dat navorsers 'n billike deel van die finansiële opbrengs kry of aansporingsbonusse ontvang. Hulle kan byvoorbeeld meer laboratorium-ruimte kry of interne erkenning ontvang, byvoorbeeld deur middel van jaarlikse navorsingstoekennings. Hulle betrokkeheid by kennisoordrag moet ook in ag geneem word wanneer dit by loopbaanassessering kom.

## Patente het potensiaal

Mnr Philip Thomas van die World Intellectual Property Organisation het daarop gewys dat, hoewel die registrasie van patente nie 'n voorvereiste vir innovering is nie, dit innovering wel kan aanmoedig. Selfs al is patentregte slegs vir 20 jaar vanaf die registrasiedatum geldig en

waarborg dit nie noodwendig wins nie, kan hulle tog tot kommersiële sukses bydra.

Die oordrag van kennis en tegnologie deur patentering hou talle voordele vir universiteite en navorsers in, het hy gesê. Een is die feit dat – in die geval van suksesvolle kommersialisering – hulle 'n redelike finansiële opbrengs op hulle beleggings kan kry.

Daarbenewens ontvang Universiteite en navorsers erkenning vir hul ontdekkings en veral vir die Universiteit se patent- en intellektuele eiendomsportefeuje, wat die instelling se beeld en reputasie uitbou en hulle in staat stel om navorsers van 'n hoë gehalte te lok en te behou.

Die seminar was deel van 'n uitreikprogram wat deur WIPO in samewerking met die South African Companies and Intellectual Property Rights Registration Office (CIPRO) geïmplementeer is om hul dienste aan belanghebbers soos die intellektuele-eiendomsbestuurders, patentkantoorpersoneel, navorsers en studente aan universiteite regoor Suid-Afrika bekend te stel.

WIPO stel homself ten doel om 'n gebalanseerde en toeganklike internasionale intellektuele-eiendomsstelsel te ontwikkel wat kreatiwiteit beloon, innovasie stimuleer en tot ekonomiese ontwikkeling bydra terwyl dit die openbare belang beskerm.

## Newe-maatskappye

- Die NWU gebruik die vorming van innoverende klein- en medium-grootte newemaatskappye as deel van sy kommersialiseringstrategie en besit aandeel in sommige hiervan.
- Sedert die samesmelting in 2004 het die aantal tegnologieverwante newemaatskappye toegeneem van nege tot 14 in 2007, waarvan 11 steeds bedryf word.
- Aan die einde van 2007 het die NWU sewe filiale en geassosieerde maatskappye gehad.

## Visekanselier verwelkom Institusionele Kantoor-personeel

Uiteindelik, ná 'n trekproses wat ses weke geduur het, is die personeel van die Institusionele Kantoor (IK) goed ingeburger in die heringerigte C1-gebou. Dr Theuns Eloff, Visekanselier, was daar om hulle te verwelkom en het gesê hy is bly dat die meeste van die IK-personeel nou bymekaar is, in plaas daarvan dat hulle oor die Potchefstroomkampus versprei is.

"Ons moet 'n kultuur van eenheid vestig en as 'n kern optree vanwaar ons op 'n gelyke grondslag aan al die kampusse diens lewer," het hy tydens die amptelike verwelkomingsfunksie gesê. Hy het personeel ook aangemoedig om voort te gaan om 'n sterk spangees in die kantoor te bou.

"Die trek self was 'n reusetaak," sê mnr André Massyn, wat in beheer was van die trekproses. Dokumente en elektroniese toerusting is teen 'n tempo van tien vertrekke per dag uit kantore, stookkamers en kluisie uit verskillende geboue na die C1-gebou geneem. 'n Totaal van 5 700 kartondose en 500 rekenaarkaste en -monitors is verskuif.

Dit bring mee dat, indien die vervoerkontraakteurs elke keer 'n trollie met vier kartondose daarop gestoot het en die rekenaarkaste en -monitors, wat in komberse toegedraai is, een vir een aangedra het, hulle meer as 7 625 keer tussen die trekvoertuig en die nuwe kantore, stookkamers en kluisie in die C1-gebou geloop het.

'n Geboukomitee is in die lewe geroep vir die C1-gebou, met mnr Carl Minne, die gebouvertegenwoordiger, as Voorzitter. Hierdie komitee is verantwoordelik vir sake soos gesondheid en veiligheid, gebousekureit, algemene gebou- en terreinsake, toewysing van parkering aan personeel, en die totstandbrenging van huishoudelike prosesse en prosedures, wanneer nodig.

'n Paar uitstaande kwessies moet nog hanteer word, byvoorbeeld die voltooiing van die ingangshek in Borcherdstraat, die raadsaal op die eerste verdieping, die

binnenshuise versiering van die oop ruimtes in die gebou en die installasie van 'n hysbak vir gestremde en beseerde persone.

Die nuwe amptelike straatadres van die NWU is Borcherdstraat 53, Potchefstroom, 2531. Die nuwe telefoonnommer is (018) 299 4900, en die faksnommer is (018) 299 4910. Die nuwe posadres is Privaatsak 1290, Potchefstroom, 2520.

Kampusse kan die ontvangsdame van die C1-gebou skakel om parkering te bespreek wanneer hulle 'n vergadering by die IK moet bywoon.

'n Nuttige boekie met die kernverantwoordelikhede en kontakbesonderhede van al die IK-personeel is op die personeel-intranet beskikbaar by <https://intranet.nwu.ac.za/af/fileplan/departments/index.html>



Dr Theuns Eloff, Visekanselier, in sy nuwe kantoor.

## IK-personeel gesels oor hul nuwe kantore

Eish! het 'n vinnige opname gedoen om uit te vind wat die Institusionele Kantoor-personeel van hul nuwe kantore dink:

"Die afdelings wat aan my rapporteer, is nou nader aan mekaar en ek het nou 'n plek vir vergaderings – iets wat ek nie in my vorige kantoor gehad het nie." – Me Elmarie de Beer, Direkteur: Finansies.

"Ek werk baie nou saam met navorsers op die Potchefstroomkampus en vind dit moeilik om verder weg van hulle te wees." – Dr Rudi van der Walt, Direkteur: Innovasiekantoor.

"Ek hou baie van my ruim kantoor met sy buitevensters wat op die groen kampustuine uitkyk en van die feit dat ons nou naby die Bult met sy talle eetplekke is." – Prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie.

"IK-personeel sal nou beseft dat hulle nie meer deel van 'n spesifieke kampus is nie en dat hulle vir al die kampusse werk." – Dr Maarten Venter, Projekbestuurder, Kantoor van die Visekanselier.

"Een van die grootste voordele is dat byna al die IK se personeel nou saam onder een dak is; ek glo dit sal tot 'n groter samehorigheidsgevoel lei." – Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite.

"Daar is nou beter koördinasie op institusionele vlak, wat daartoe lei dat beter kliëntediens aan kampusse verskaf kan word. Om die Potchefstroomkampus te besoek, is nou werklik iets om te skeduleer, en dit is soos dit hoort. Ek kan nie wag om 'n gholfkaretjie te bespreek nie!" – Prof Susan Coetzee-Van Rooy, Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning.



Me Elmarie de Beer, Direkteur: Finansies



Dr Rudi van der Walt, Direkteur: Innovasiekantoor



Prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie



Dr Maarten Venter, Projekbestuurder, Kantoor van die Visekanselier



Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite



Prof Susan Coetzee-Van Rooy, Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning

# Die beskerming van ander se regte is almal se verantwoordelikheid, sê menseregtekenner

*Dr André Keet, Adjunkhoof- Uitvoerende Beampte van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK), het die Noordwes-Universiteit (NWU) onlangs besoek om sy ervaring en kennis van menseregte met die universiteitsgemeenskap te deel. Hy was die hoofspreker by die "Begrip, Waarde en Respek"-besprekingsessie wat deel was van die NWU se jaarlikse menseregte-bewusmakingsveldtog.*

Volgens dr Keet is vooroordeel vasgelê in mense se psiges, praktyke en instellings, en is dit ons almal se verantwoordelikheid om dit te verander. Hy het beklemtoon dat mense eerder moet fokus op die beskerming van die regte van mense wat anders as hulle is as op hul eie regte. "Ons as Suid-Afrikaners moet gewoon raak aan die feit dat ons almal verskillend is en dat ons nie oor alles konsensus hoef te bereik nie. Ons hoef niemand anders na te doen nie; ons moet net wys dat ons mekaar verstaan, waardeer en respekteer."

Die meeste van die klagtes wat tussen April 2006 en Maart 2007 deur die SAMRK ontvang is, was oor sosio-ekonomiese ongelykdhede, werkloosheid, die MIV/VIGS-pandemie, armoede, diskriminasie, vooroordeel en misdaad. Gedurende hierdie tydperk is daar altesame 2 367 klagtes by die SAMRK se kantore in die Noordwesprovinsie en Gauteng ingedien.

Prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, sê die seminaar is deel van die deurlopende poging om mense – van studente tot bestuur – sensitief te maak oor menseregtekwesties.

"Volgens my moet die proses van bewusmaking eintlik al in die laerskool begin. Die kwessie van menseregte het nie 'n korttermynoplossing nie, maar as ons begin om mense reeds op 'n vroeë ouderdom sensitief te maak hiervoor, sal ons 'n samelewing tot stand bring waar mense die regte van ander verstaan, waardeer en beskerm," sê hy.



Die onlangse besprekingsessie oor menseregte is goed bygewoon. Van links na regs is: Prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, dr André Keet, Adjunkhoof- Uitvoerende Beampte van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK), dr Edward Sedibe, Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport, en dr Elda de Waal, verteenwoordiger van die Vaaldriehoekskampus op die NWU se Menseregtekommissie.

Met 'n unieke institusionele kultuur gebaseer op die waardes wat die NWU onderskryf, het die Universiteit in September 2006 'n formele menseregtebeleid aanvaar wat van toepassing is op alle personeel en studente. Vir meer inligting oor die beleid of oor menseregte in die algemeen; of om 'n formele klag te lê oor die skending van u menseregte, kontak gerus vir prof Madoda Zibi, Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, by (018) 299 4928 of stuur 'n e-pos na Madoda.Zibi@nwu.ac.za.



Dr Theuns Eloff (middel), Visekanselier van die NWU, het onlangs 'n sake-ete in die Hilton-hotel in Johannesburg aangebied met die oog daarop om bande met die Universiteit se belanghebbendes te smee en te versterk. Hier is dr Eloff en me Maria Mopelong (links), Senior Bestuurder: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling, saam met sommige van die gaste by die ete (van tweede van links af): mnr Malebo Modise, Senior Bestuurder: Strategiese Bestuur van Belanghebbendes, Standard Bank, me Lerato Motaung, Groep Korporatiewe Maatskaplike Investerings, Murray & Roberts, me Rita Bowser, Streeksvisepresident, Suid-Afrika, Westinghouse, en mnr Moss Gondwe, Verkoopdirekteur: Openbare Sektor, Oracle.

## NUUSBROKKIES UIT DIE IB

**Ministeriële Komitee:** 'n Ministeriële komitee, wat 'n mandaat ontvang het om ondersoek in te stel na rassediskriminasie en etniese onverdraagsaamheid by alle hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika, staan op 9 Junie 2008 die NWU-bestuur, personeel en -studente in Potchefstroom te woord. Die Universiteit het 'n voorlegging gemaak aan die Komitee, wat ook individue genooi het om voorleggings direk aan hulle te maak.

**Eredoktorsgraad:** Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, het 'n eredoktorsgraad in regte ontvang van die London South Bank University. Dit is uit erkentlikheid vir sy voortgesette bydrae tot rasseverhoudinge, gemeenskapsamegtheid en internasionale opvoeding en begrip.

**FOTIM-tesourier:** Dr Themba Mosia, die Institusionele Registrateur, is verkies as tesourier van FOTIM (Stigting van Tersiêre Instellings in die Noordelike Metropol – Engels: Foundation of Tertiary Institutions of the Northern Metropolis). FOTIM is die grootste akademiese konsortium in Suid-Afrika, en het tans 'n lidmaatskap van nege universiteite en universiteite van tegnologie in Gauteng, Limpopo en die Noordwesprovinsie.

**Finansiële ondersteuning:** Die Departement van Onderwys (DvO) het die toekenning van R23 miljoen aan die NWU goedgekeur. Dit is bestem vir die verdere uitbreiding van die Dieregesondheidsentrum op die Mafikengskampus.

**HOKK:** Terugvoer oor die sewende konsep van die selfassesseringsportefuljedokument is van NWU-personeel en ander rolspelers ontvang. Personeel word versoek om die datums vir volgende jaar se institusionele oudit van die NWU se kwaliteitsprosesse in hul dagboeke aan te teken. Die Hoëronderrys-kwaliteitskomitee (HOKK) sal die oudit vanaf 14 tot 20 Maart 2009 onderneem.



# Verkrygingsbeleid vergemaklik u werkslewe

*Met die oog op die doeltreffende funksionering van die Universiteit is dit belangrik dat sekere goedere en dienste, van skryfbehoeftes tot hoogs gespesialiseerde laboratoriumtoerusting, beskikbaar moet wees wanneer dit benodig word. Die verkryging van hierdie goedere en dienste regoor die Universiteit is 'n kolossale taak wat noukeurig bestuur moet word. Die verkrygingsbeleid gee belangrike riglyne om juis dit te bewerkstellig.*

Dis belangrik om kennis te neem van die NWU se verkrygingsbeleid indien u op enige wyse, hetsy direk of indirek, betrokke is by verkrygingsprosesse soos onder meer die ondertekening van kontrakte, betalings, en die plasing van bestellings ingevolge 'n goedgekeurde kontrak. Hierdie beleid is ook van toepassing indien u betrokke is by die aankoop van bates (insluitende konstruksiekontrakte) of as u met bedryfsuitgawes, joernale en rekwisies werk.

Die doel van die verkrygingsbeleid is om te verseker dat die Universiteit se fondse wyslik aangewend word – deur middel van prosesse wat regverdig, onpartydig, deursigtig, kostedoeltreffend en in lyn met transformasie-vereistes is.

Verkryging vind op twee vlakke plaas: gedentraliseer en gesentraliseer. In aanhangsel A van die beleid is daar riglyne oor aanskaffing op die gedentraliseerde divisievlak. Hier kan u onder meer sien wie magtiging het om kontrakte namens die Universiteit te onderteken of om rekwisies te skep vir die verkryging van goedere of dienste.

Byvoorbeeld: indien u 'n nuwe lessenaar vir u kantoor wil koop vir 'n bedrag van R5 000 of minder, kan u telefoniese kwotasies kry en dan aansoek doen vir goedkeuring van die transaksie. Goedkeuring kan verleen word deur 'n administratiewe assistent wat aangewys is deur 'n senior rekenmeester by die Institusionele Kantoor of deur 'n direkteur van 'n skool, akademiese departement of ondersteuningsdepartement, insluitende die Direkteur: Institusionele Innovasie. Die nuwe bate moet dan in die Universiteit se bateregister aangeteken word.

As u egter iets met 'n totale waarde van tussen R1 miljoen en R2 miljoen wil aankoop, moet 'n oop tenderproses gevolg word en moet goedkeuring vir die transaksie verleen word deur 'n uitvoerende direkteur, die Institusionele Registrateur, 'n kampusrektor, die Adjunkhoof of die Institusionele Bestuurskomitee.

Vir bates waarvan die waarde R2 miljoen oorskry, is die Visekanselier se goedkeuring nodig. In die geval van bates ter waarde van tussen R5 miljoen en R15 miljoen benodig u vooraf skriftelike goedkeuring deur die Tenderkomitee of die Finansiële Komitee voordat u oop tenders kan aanvra. Vir bates wat R15 miljoen oorskry, is dit nodig om vooraf skriftelike goedkeuring deur die Raad te kry.

Sodra die betrokke gemagtigde persoon of liggaam goedkeuring vir 'n transaksie verleen het, word die verkrygingsproses self deur die Universiteit se gesentraliseerde Verkrygingsafdeling uitgevoer en elektronies bestuur, wat dit vir die Universiteit se ander werknemers moontlik maak om op hul kernverantwoordelikhede te fokus.

Onthou dat slegs die Verkrygingsafdeling oor die nodige magtiging beskik om bestellings namens die Universiteit te plaas – hetsy vir die koop van goedere en dienste of vir gebruiksreg (in die geval van toerustinghuur of huurooreenkomste).

Aangesien die verkrygingsprosedure met die hoogste integriteit moet geskied ten opsigte van alle sakeverhoudinge met interne en eksterne

- Aan die instelling as geheel word daar maandeliks gemiddeld 3 497 bestellings geplaas.
- Hierdie bestellings beloop gemiddeld R31 miljoen per maand.
- Die Verkrygingsafdeling beskik oor 'n databasis met inligting oor 62 000 verskaffers. (Kontak hulle indien u inligting oor verskaffers benodig.)

verskaffers, sluit die beleid ook 'n etiese kode en 'n gedragskode vir verkryging in.

Die kode bepaal byvoorbeeld dat vertroulike inligting wat tydens die verkrygingsproses ontvang word – soos 'n verskaffer se pryse – ten alle tye as sodanig gerespekteer moet word en nie aan 'n ander verskaffer bekendgemaak mag word nie. NWU-werknemers wat by die verkrygingsproses betrokke is, mag nie hul posisies vir persoonlike gewin uitbuit nie en is verplig om enige persoonlike belange wat hul onpartydigheid sou kon beïnvloed, bekend te maak. Werknemers word ook nie toegelaat om geskenke of enige ander persoonlike gunste van 'n verskaffer te aanvaar nie.

Laastens dien die beleid ook as bevestiging van die Universiteit se verbintenis tot die beginsels en praktiese implikasies van breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB).

Wat dit betref, staan daar die volgende: “Sonder om gehalte, standaard, diensvlakke of prys te kompromitteer, sal die Universiteit se verkrygingsbeleid 'n regverdige, billike, deursigtige, mededingende en doeltreffende proses wees wat aan alle diensverskaffers, ongeag ras, geslag of etnisiteit 'n gelyke geleentheid sal bied om besigheid te doen met die Universiteit, terwyl daar voldoen moet word aan die vereistes van die BGSEB-wetgewing soos neergelê deur die regering.”

Die volledige beleid is op die NWU se webwerf beskikbaar by [http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/Procurement\\_Policy.pdf](http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/Procurement_Policy.pdf)

**In die volgende uitgawe van Eish! kom die Argief-, Museum- en Versamelingsbeleid aan die beurt.**

## RAADSGREPE

### Lidmaatskap van die Raad

• **Gemeenskapsleiers:** Mnr SM Mohapi en dr DG Breed is aangewys as gemeenskapsleiers vir onderskeidelik die Mafikeng- en Potchefstroomkampus. Hulle sal vanaf 12 Februarie 2008 vir 'n driejaartermyn dien, in ooreenstemming met die reëls oor die rotasie van Raadslede.

• **Nuwe IF-voorsitter:** Prof Christo van Wyk is as Voorsitter van die Institusionele Forum (IF) verkies. Hy neem die leisels oor by mnr Theo Venter, wat die eerste voorsitter van die IF was nadat dit in 2007 as 'n permanente liggaam tot stand gebring is. (Blaai na bladsy sewe om meer oor die nuut verkose IF-voorsitter te lees.)

Nuwe Raadslid vir die IF: Die termyn van dr CJ Smit het op 11 Februarie 2008 verstryk en mnr TJS Thabane is as eksterne Raadslid aangewys om in die Institusionele Forum te dien.

• **Nuwe Raadslede vir die Senaat:** Raadslid dr DG Breed is verkies om vir 'n periode van twee jaar as Senaatslid te dien. Hy is in die plek van dr CJ Smit gekies, wie se ampstermyn op 11 Februarie 2008 verstryk het.

• **IVSR-grondwet:** Die hersiene grondwet van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) is goedgekeur. Dit beteken dat elke kampus nou ewe veel verteenwoordigers in die IVSR sal hê.

**Gesondheidsentrum:** Die Raad het die motivering vir die oprigting van 'n Gesondheidsentrum op die Potchefstroomkampus oorweeg en die befondsing daarvan uit die Universiteit se strategiese fondse goedgekeur.

**Eredoktorsgrade:** Die Raad het besluit om die Honoris Causa-grade aan mnr JM Ntsime en proff APG Goossens en JM Venter toe te ken.

# Innovasie deur diversiteit\*

## Wat vuur ons innoverende gees aan?

Diversiteit is oral rondom ons. Dit is wat ons sien, voel en aanraak. Dit is egter veral die wyse waarop ons almal verskillend dink. Sonder uiteenlopende, ondersoekende denke, het innovasie geen katalisator wat groei kan aanvuur en nuwe weë kan baan nie. By die Noordwes-Universiteit is ons trots op ons diversiteit: van die diverse akademiese programme wat ons aanbied tot ons meertaligheidsbenadering, multikulturalisme en bruisende studentelewe. Ons weet dat dit selfs beter onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid vir 'n beter toekoms verseker. Is jy gereed om aangevuur te word?

[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)

\* Innovasie deur diversiteit is die Noordwes-Universiteit se nuwe slagspreuk.